BRAAIKUIKENVOEDING

Epol®

DIE PERFEKTE BALANS

MAAK GEREED

- Voordat die dag-oud kuikens by die plaas aankom, moet alles in die groeihok reeds gereed wees. Dit sluit die verwarming in.
- Maak seker jou inentingsprogram is beplan.

SLEUTELVOERPUNTE

- Die **Starter** moet in krummelvorm wees.
- Die res van die voer vir die volgende fases moet in pilvorm wees.
- Die hoeveelheid voer per voël is slegs 'n riglyn. Braaikuikens moet nooit sonder voer wees nie.
- Vanaf dag 2 moet voer ook in die voerbakke geplaas word, sodat kuikens kan leer om daaruit te vreet.
- Moenie voer of water direk onder die hittebron plaas nie, want dit kan veroorsaak dat die kuikens minder vreet of drink as wat hulle moet.
- Kies die mees geskikte Epol braaikuikenvoer op bladsy 5 om aan jou vereistes te voldoen, of praat met 'n Epol Tegniese Adviseur.

LEEFTOESTANDE

- Die hok moet skoon wees en behoorlik met die toepaslike ontsmettingsmiddels ontsmet word.
- Voordat die kuikens in die hok gesit word, moet die beddegoed eers soos volg geplaas word:

SKROPGOED-TIPE	MINIMUM DIEPTE OF VOLUME
Houtskaafsels	2.5 cm
Droë saagsels	2.5 cm
Opgekapte strooi	1 kg/m^2
Sonneblomdoppe	5 cm

ONDERSOEK VOERTOERUSTING

- Maak seker dat daar genoeg drinkplekke en voerders is vir die aantal kuikens wat jy bestel het.
- Sien onderstaande tabel vir riglyne.

	TIPE	HOEVEELHEID
DRINKPLEK	Klok Tepel	1 per 100 voëls 12 voëls per tepel
VOERDER	Pan Buis	45 voëls per pan 70 voëls per 40 cm-buisvoerder



ONDERSOEK VERWARMINGSTOERUSTING

- Maak seker die verwarmers of kunsmoeders is in 'n goeie werkende toestand en op die korrekte hoogte.
- Temperatuurbestuur is noodsaaklik vir die suksesvolle grootmaak van kuikens. Maak dus seker dat die termostaat wat gebruik word minimum en maksimum temperatuur in die hok aandui.
- Begin om die hok te verhit twee dae voordat jy die kuikens daarin plaas.
- Die voer en water moet reeds die vorige dag in die hok geplaas word sodat dit teen kamertemperatuur sal wees wanneer die kuikens aankom.
- Die vloertemperatuur moet 32 ºC wees wanneer die kuikens in die hok geplaas word.
- Die kuikens se temperatuur moet vir die eerste 14 dae gereguleer word.

PLASING VAN DIE KUIKENS

- Die kuikens moet versigtig op die skropgoed geplaas word en daar moet water en voer beskikbaar wees.
- Gebruik papier om 50% van die broei-area te bedek en sorg dat daar 50 - 70 gram voer per kuiken is.
- Weeg party van jou dag-oud kuikens en teken hul begingewigte op jou hokkaart aan, om hul prestasie na te gaan.

KUIKENKONTROLE

- Die eerste kuikenkontrole moet 4 tot 6 uur na plasing uitgevoer word.
- Jong kuikens behoort te vreet, te drink en rond te hardloop – indien nie, probeer die rede vasstel. Hou die kuiken se pote teen jou wang of nek. Indien die pote koud voel, kry die kuiken koud. Indien die vloer koud is, kan dit wees dat die area nie voldoende of vroegtydig verhit is nie.
- Kuikengedrag is die beste aanduiding van die korrekte broeitemperatuur. Let dus op hoe die kuikens in die broei-area versprei is.



Temperatuur te laag
- Kuikens drom saam by kunsmoeder.
- Kuikens raserig, benoude piepgeluide.

Temperatuur korrek
- Kuikens is eweredig versprei.
- Geraasvlak dui op tevredenheid.

Temperatuur te hoog
- Kuikens maak geen geluid nie.
- Kuikens hyg, kop en vlerke hang.
- Kuikens bly weg van kunsmoeder.

Vereis ondersoek
- Word beïnvloed deur 'n trek, oneweredige ligverspreiding of geraas van buite.

- ***Die tweede kuikenkontrole moet 'n dag na plasing uitgevoer word.***
- Die kroppe van kuikens moet die volgende oggend ondersoek word om seker te maak dat hulle die voer en water gevind het.
- Minstens 95% van die kroppe behoort sag en elasties te voel, wat daarop dui dat die kuikens voer en water gevind het.
- Harde kroppe toon dat kuikens nie genoeg water gedrink het nie en die beskikbaarheid van water moet dadelik ondersoek word.
- Opgeswelde kroppe dui aan dat die kuikens genoeg water gedrink het, maar nie genoeg voer geëet het nie. In hierdie geval moet die beskikbaarheid en gehalte (reuk, smaak) van die rantsoen onmiddellik ondersoek word.



- Op ***7 dae***, behoort die kuikens 4 keer swaarder as hul begingewig te weeg.
- Indien kuikens nie genoegsaam gegroei het nie, moet jy vasstel wat die oorsaak is. Evalueer die proses tot op hede. Sluit temperatuur, voerinname, waterinname en ander omgewingstoestande in. Indien jy hulp nodig het, kontak jou plaaslike tegniese adviseur.
- ***Daaglikse kontrole*** moet uitgevoer word. Wanneer jy 'n hok binnegaan, wees altyd so stil as moontlik sodat die voëls nie versteur word nie. Gebruik al jou sintuie om vas te stel of daar enigiets verkeerd is, kyk, ruik, voel en luister. Na 'n paar minute sal jou liggaam by die omgewing aangepas wees en sal jy nie meer kan ruik of voel wat fout is nie.
- Maak seker dat die temperatuur in die hok korrek is deur die volgende tabel as riglyn te gebruik.

OUDERDOM (Dae)	RELATIEWE HUMIDITEIT (%)	TEMPERATUUR (°C)
0	30 - 50	32 - 38
7	40 - 60	29 - 30
14	50 - 60	27 - 28
21	50 - 60	24 - 26
28	50 - 65	21 - 23
35	50 - 70	19 - 21
42	50 - 70	18

- Kyk of daar enige koue kolle of trekke in die hok is.
- Kyk of die ventilasie korrek is.
- Kyk of die drink- en voerbakke op die korrekte hoogte is en of daar genoeg is vir die aantal voëls.
- Kyk of die beddegoed nie te nat of droog is nie.
- Verwyder al die dooie voëls en maak 'n aantekening daarvan.

BELIGTINGSPROGRAM

- n Beligtingsprogram is belangrik vir goeie braaikuikenprestasie.

OUDERDOM (Dae)	URE (Donkerte)
0	0
1	1
Kuikens tussen 100 – 160 gram	9
22	8
23	7
24	6
5 dae voor slag	5
4 dae voor slag	4
3 dae voor slag	3
2 dae voor slag	2
1 dag voor slag	1

SLEUTELPUNTE VIR METING REGDEUR DIE SIKLUS:

- Dag-oud kuikens se begingewig.
- Gewig op dag 7, 14, 21, 28 en 35.
- Wanneer en hoeveel voëls het gevrek.
- Hoeveelheid voer wat gebruik word.
- Hoeveelheid water wat gebruik word.
- Minimum en maksimum temperature.
- Enige behandeling of medikasie aan die kuikens toegedien.

EPOL SE BRAAIKUIKENVOERREEKSE

Epol bied 'n groot verskeidenheid braaikuikenvoere om te voldoen aan die spesifieke behoeftes van die verskillende braaikuikenboere.

AANBEVOLE VOERTABEL PER REEKS PER KUIKEN:

REEKS	GESKIK VIR		PRE STARTER	STARTER	GROWER	FINISHER	POST FINISHER
Econo	Vir die kleiner produsent wat lewendige braaikuikens verkoop. Dit is 'n koste-doeltreffende reeks met matige groeitempo.	Dae	*	0 - 15	16 - 25	26 - 36	5 dae < slag
		V - No.	*	15433	22229	15527	15432
		Gram	*	800 g	1 kg	1.8 kg	700 g
Optigro	Hierdie rantsoen het effens laer energievlakke wat dit in 'n 3- of 5-fase dieet 'n ekonomiese alternatief vir die Higro-reeks maak. Dit is ontwikkel vir die produsent wat 'n groter voël oor 'n langer tydperk wil grootmaak. Hierdie voer sal die optimale resultaat lewer.	Dae	0 - 9	10 - 15	16 - 25	26 - 36	5 dae < slag
		V - No.	15524	15431 / 672	15430	15429 / 15526	15428 / 1201
		Gram	200 g	400 g	1 kg	1.9 kg	600 g
Higro	Die topdieet in die Epol-reeks vir braaikuikenvoer, Geformuleer vir die kommersiële pluimveeprodusent wat die beste prestasie in die kortste tyd vereis. Hierdie voer behoort die laagste koste per kg vleis geproduseer, te lewer.	Dae	0 - 9	10 - 15	16 - 25	26 - 36	5 dae < slag
		V - No.	15525	8854	8853	8852	8851
		Gram	200 g	400 g	1 kg	1.3 kg	600 g
Free Range	Soortgelyk aan die Higro-rantsoen maar sonder medikasie.	Dae	0 - 9	10 - 15	16 - 25	26 - 36	5 dae < slag
		V - No.	25337	25338	25339	25340	25341
		Gram	200 g	400 g	1 kg	1.3 kg	600 g

WAT OM TE KONTROLEER WANNEER ‘N HOK BINNEGEGAAN WORD



Gehoor

Luister na die voëls se geluide, asemhaling en respiratoriese geluide. Luister na die meganiese geluide van waaierlaers en voerwurms.

Sig

Kyk na gedrag soos die verspreiding van die voëls in die hok en die aantal voëls wat eet, drink en rus. Kyk na die omgewing, soos stof in die lug en kwaliteit van skropgoed. Kontroleer die voëls se gesondheid en gedrag soos houding, wakkerheid, oë en beweging.

Reuk

Let op na reuke in die omgewing soos ammoniakvlakke. Is die lug bedompig of klam en muf?

Smaak

Water- en voergehalte.

Voel

Hanteer die voëls om kroppe te kontroleer en ondersoek die voëls se algemene toestand. Let op na lugbeweging oor jou vel. Is daar ‘n trek? Hoe voel die temperatuur van die hok vir jou?

A1706S/AFR

EPOL Berlyn

Posbus 17, Berlyn, Suid-Afrika, 5660

Tel: +27(0)43 685-2111 Faks: +27(0)43 685-2114

www.epol.co.za

EPOL Pietermaritzburg

Posbus 1299, Pietermaritzburg, Suid-Afrika, 3200

Tel: +27(0)33 387-2460 Faks: +27(0)33 387-4779

www.epol.co.za

EPOL Pretoria-Wes

Posbus 19096, Pretoria-Wes, Suid-Afrika, 0117

Tel: +27(0)12 386-0469 Faks: +27(0)12 386-2147

www.epol.co.za

EPOL Rustenburg

Posbus 82318, Rustenburg, Suid-Afrika, 0300

Tel: +27(0)14 538-2832 Faks: +27(0)14 538-1865

www.epol.co.za

EPOL Worcester

Posbus 105, Worcester, Suid-Afrika, 6850

Tel: +27(0)23 346-6400 Faks: +27(0)23 346-6464

www.epol.co.za

EPOL PIETERMARITZBURG VERPAKKINGSDEPOT

Willowtonweg 17, Pietermaritzburg, Suid-Afrika, 3200

Tel: +27(0)33 387-2460 Faks: +27(0)33 387-4779

www.epol.co.za

www.rclfoods.com
RCL FOODS HOOFKANTOOR, TIEN THE BOULEVARD,
WESTWAY KANTOORPARK, WESTVILLE, 3629
POSBUS 2734, WESTWAY KANTOORPARK, 3635
REG NO 1966/004972/06